



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

FEBRUARIE/MAART 2013

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Opstel (40)
AFDELING B: Langer transaksionele teks (20)
AFDELING C: Korter teks (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
- Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld 'n kopkaart, vloiediagram, sleutelwoorde, ens.
- Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
- Dui die beplanning duidelik aan.
- TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

AFDELING A: 60 minute
AFDELING B: 30 minute
AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 1**1.1 EEN MINUUT NA TWAALF ...**

Dit was een minuut na twaalf, jy het wakker geskrik en ...

Skryf 'n opstel waarin jy vertel of beskryf wat daardie nag gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het jou laat wakker skrik?
- Wat het gebeur nadat jy wakker geskrik het?
- Wie het jou gehelp?
- Hoe is die situasie opgelos?



[Uit: Google Pictures]

[40]

1.2 JOU GESIN IS BELANGRIKER AS JOU VRIENDE

'n Mens se gesin en jou vriende is belangrik. As jy moet kies tussen jou gesin en vriende, kies jy gewoonlik jou gesin.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel waarom jou gesin belangriker as jou vriende is.

Dink aan die volgende:

- Waarom is jou gesin belangriker as jou vriende?
- Watter verskil maak jou gesin in jou lewe?
- Wat beteken jou gesin in jou lewe?
- Hoe help (ondersteun) jou gesin jou?



[Uit: Clip Art]

[40]

1.3 JY HET 24 UUR OOR OM TE LEEF!

Sê nou jy hoor jy het net 24 uur oor om te leef. Wat sal jy doen?

Skryf 'n opstel waarin jy vertel of beskryf wat jy alles sal doen as jy net 24 uur oor het om te leef.

Dink aan die volgende:

- Wat sal jy alles doen?
- Hoekom is dit belangrik om dit te doen?
- Saam met wie sal jy dit doen?
- Hoe sal dit jou laat voel?

[40]**1.4 JOU GROOTSTE VREES**

Verskillende mense is bang vir verskillende dinge of situasies.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel of beskryf waarvoor jy die bangste is.

Dink aan die volgende:

- Waarvoor is jy bang?
- Hoekom is jy daarvoor bang?
- Wat kan jy doen om hierdie vrees te oorkom?
- Watter raad kan jy aan ander gee?




[Uit: Google Pictures]

[40]

- 1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.


1.5.1



[Uit: LO Vandag]

[40]


1.5.2



[Uit: Oxford Life Orientation]

[40]


1.5.3



[Uit: Oxford Life Orientation]

[40]

1.5.4



[Uit: HR Guide, Dept of Health, FS]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 2**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Na matriek het jy na 'n kollege toe gegaan om verder te studeer. Jou vriend het begin werk en wil by jou weet hoe die studentelewe is.

Skryf 'n brief aan jou maat waarin jy van die studentelewe vertel.

Dink aan die volgende:

- Waar is jou kollege?
- Vertel van die vakke en die mense wat vir jou klasgee.
- Is jy gelukkig/ongelukkig en hoekom?
- Hoe verskil die kollege van jou vorige skool?

[20]**2.2 FORMELE BRIEF AAN DIE PERS**

Jy voel baie ongelukkig omdat daar so min werksgeleenthede vir jongmense is.

Skryf 'n brief aan die koerant waarin jy kla oor hoe jongmense sukkel om werk te kry.

Gebruik die volgende adres:
Beeld, Posbus 7845, Johannesburg, 2000.

Dink aan die volgende:

- Waarom is jongmense werkloos?
- Hoe voel jongmense oor werkloosheid?
- Wie kan die situasie verbeter?
- Wat moet gedoen word om meer werksgeleenthede te skep?



[Verwerk uit: *Google Pictures*]

[20]

2.3 DIALOOG

Die taxi of bus wat jou en jou maats skool toe neem, is altyd laat. Jy is kwaad, want jy gaan vandag laat wees om jou toets te skryf.

Skryf die gesprek tussen jou en die bestuurder neer.

Begin die gesprek só:

Leerder: Meneer, ek gaan al weer laat by die skool kom!

(Reël oop)

Bestuurder: Ag, bly stil! ...

(Reël oop)

Leerder: ...

(Reël oop)

Bestuurder: ...

(Reël oop)

LET WEL: Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop.

[20]

2.4 VERSLAG

In jou gemeenskap is daar 'n huis waar kinders bly wat nie meer ouers het nie. Daar is 'n huismoeder wat vir dié kinders sorg. Die jeug van jou kerk is gevra om hierdie huismoeder te help. Jy en 'n maat het gaan kyk hoe dit daar lyk.

Skryf 'n verslag vir die kerk oor die kinders se situasie.

Sê ook wat die jongmense by die kerk kan doen om te help.

Dink aan die volgende:

- Hoeveel kinders is daar in die huis?
- Wie sorg vir die kinders?
- Wat is alles verkeerd in die huis?
- Wat kan die jongmense by die kerk doen om hierdie kinders en die huismoeder te help?

[20]

TOTAAL AFDELING B:

20

AFDELING C: KORTER TEKSTE

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.


VRAAG 3**3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE**

Jy verjaar volgende maand en word 18 jaar oud. Jou ouers het toestemming gegee dat jy 'n verjaarsdagpartytjie mag hou.

Skryf 'n uitnodigingkaartjie aan jou maats om hulle uit te nooi na jou partytjie toe.

Dink aan die volgende:

- Wie word uitgenooi en wat is die geleentheid?
- Waar, wanneer en hoe laat vind die partytjie plaas?
- Watter tipe klere moet die gaste aantrek?
- Hoe en wanneer moet jy antwoord?



LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE.

[20]**3.2 PLAKKAAT**

Jou skool gaan 'n danskompetisie hou om geld in te samel om 'n saal te bou.

Maak 'n plakkaat om die danskompetisie te adverteer.



[Uit: Google Pictures]

Dink aan die volgende:

- Waar, wanneer en hoe laat gaan die kompetisie plaasvind?
- Wie mag aan die kompetisie deelneem?
- Hoeveel is die inskrywingsgeld en watter pryse kan gewen word?
- Watter eetgoed gaan dié aand verkoop word?

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE.

[20]

3.3 POSKAART

Jy hou op 'n baie interessante plek vakansie. Jou beste maat kon nie saamgaan nie.

Skryf 'n poskaart aan jou maat en vertel hom of haar van die interessante plek waar jy is.

Teken die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor.

LET WEL: Onthou om jou maat se adres op die poskaart te skryf.

	<div style="border: 1px solid black; display: inline-block; padding: 2px;">Posseël</div>

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 80